Nuusbrief vir 13 Februarie 2020

Hoërskool Swartland

NUUS

Finansies - belangrike kennisgewing (1)

13 Februarie 2020

U het deur die loop van die afgelope week state ontvang en sal gereeld nog state ontvang. Indien u nie 'n e-posstaat ontvang het nie, kontak asb die skool en verifieer net of u e-pos adres op ons stelsel korrek is.
Hiermee net die verduideliking van die staat:
U gebruik die leerdernommer, van en voorletters van die leerder as verwysing. Die leerdernommer staan onder die naam 'Leerder' op die regterkant van die staat, bv 24000PampoenG.
Die datum tot waar die staat gerekonsilieer is, verskyn aan die onderkant van die staat. GEEN transaksies na daardie datum sal dus op die staat verskyn nie. Alle joernale vir korting en vermindering is eers in Februarie gedoen en sal ook nie op die Januarie-staat verskyn nie.

Finansies - belangrike kennisgewing (2)

13 Februarie 2020

Ons werk met die amptelike bankstaat wat ons eers in die daaropvolgende maand ontvang, met ander woorde Januarie se staat word eers vroeg Februarie ontvang en gerekonsilieer.
Ons "server" stuur die bulk e-pos-rekeninge uit. Dit kom dus van herman@schooladmin.co.za af. NIE van ons onderwyser, mnr Herman Dreyer NIE. Moet asb nie vir mnr Dreyer ons onderwyser met rekeningnavrae pla nie! Indien u enige kommentaar of navrae het, e-pos vir mev Van der Westhuijzen by finansies@swartlandhs.co.za of skakel ons finanskantoor by 022-4821469.
Skoolfonds is slegs op drie maniere betaalbaar:
R17 000 eenmalig voor 28 Februarie 2020 OF kwartaalliks (vier maal per jaar) binne die eerste 2 weke van die kwartaal: R4 475 OF maandeliks - R1 790 vir 10 maande wat dan alles betaal moet wees teen 30 Nov. 2020.

Finansies - belangrike kennisgewing (3)

13 Februarie 2020

Ons vestig net u aandag daarop dat dormante rekeninge van 60 dae en ouer onmiddellik aan ons prokureurs vir invordering oorhandig word.
U gaan volgende week die jaarlikse KONTROLEVORM van die skool kry. Elke leerder ontvang een, teken vir ontvangs daarvan, en dan word dit weer "teruggeteken" as dit ingehandig word. Indien u dus meer as een leerder in die skool het, sal u meer as een vorm moet voltooi. Vul dit asseblief volledig in en stuur so gou moontlik terug skool toe. Dit is 'n vereiste van die WKOD dat ons hierdie vorms op hand moet hê vir inligting in geval van nood. Moet dit dus nie as onbelangrik ag nie.
Verdere finansiële verduidelikings verskyn ook op hierdie vorm.
Baie dankie vir u begrip, geduld en goeie samewerking.

Koor: Langtafel ete en wynveiling

13 Februarie 2020

Ons skoolkoor hou op Vrydag 28 Februarie 'n langtafel ete en wynveiling ten bate van die toer wat hulle onderneem. Dit sal by ons skool plaasvind, 18:30 vir 19:00, en beloop R200 per persoon. Die kaartjies is by ons finanskantoor beskikbaar. Meer detail is op die kaartjie uiteengesit.

Gholfprestasie

13 Februarie 2020

Johandré Theron is gekies om die Boland gholf-unie se O/15-span by die Katberg uitnodigingsbyeenkoms van 19-21 Maart te verteenwoordig. Dit sal by die Katberg Eco Golf Estate plaasvind. Baie geluk, Johandré, en baie sterkte met hierdie uitdaging!

Wes-Boland atletiek uitslae

13 Februarie 2020

Ons atlete het goed gevaar tydens die Wes-Boland atletiekkampioenskappe op 8 Februarie. Ons skool het 17 goue, 11 silwer en 17 brons medaljes ingepalm. Baie geluk aan ons atlete!

Tennis uitslae

13 Februarie 2020

3 Februarie teen HS Piketberg: Ons eerste seunspan wen 14-2; die tweede seunspan wen 14-5 en die eerste dogterspan wen 14-4. Spelers wat hul enkelwedstryde gewen het, was: Aiden Cupido, Andrew Myburg, David Isaacs, Janco Ferreira, Fred Turner, Marc Green, Imke Erasmus, Dané Botha, Amelie van Lill en Bea Bester. Baie geluk aan hierdie spanne!

Hokkie voorseisoen oefenprogram

13 Februarie 2020

Sien die hokkie voorseisoen program (5 Februarie - 1 Maart) onder Bronne / "Resources" op hierdie D6 Communicator program.

Krieket uitslae

13 Februarie 2020

6 Februarie: HSS teen Curro Langebaan. HSS kolf eerste en teken 166/5 aan in 20 boulbeurte. Ian Nel behaal 44, AW Steyn 38 en Emile Juries 32 lopies. Curro behaal 69 lopies. Ons beste boulers was Billy van Zyl en Reuben Tharratt. HSS wen met 97 lopies.
8 Februarie: HSS teen HS Stellenbosch. HSS O/19A teken 387 vir 3 aan in 50 boulbeurte. André Pienaar behaal 150 en Reuben Tharratt 142 lopies. Die twee seuns deel 'n vennootskap van 273 ononderbroke lopies. HSS boul Stellenbosch uit vir 100 lopies. André Pienaar neem 3 paaltjies en Albert Bester neem 2 vangskote. HSS wen dus met 287 lopies.

Wiskunde ekstra klasse

13 Februarie 2020

Ekstra Wiskunde-klasse vir graad 8 tot 12 word deur 'n gekwalifiseerde onderwyseres aangebied. Vir meer inligting en navrae oor kostes skakel Elsie Oosthuizen by 082 378 6830.

Universiteit Stellenbosch algemene opedag

13 Februarie 2020

Hierdie opedag is op 29 Februarie 08:00-15:00. Bywoning is gratis en registrasie word nie vooraf benodig nie.
Let wel: Dit sluit die Ingenieurswese se opedag in.
Die beginpunt waar u 'n inligtingspakket oor die roete en sessies kan ontvang, is in die markiestent op die hoek van Banghoekweg en Joubertstraat in Stellenbosch. Vir verdere navrae kan u die inligtingskantoor skakel by 021-8089111.

Skoolfonds vir 2020

13 Februarie 2020

Die volgende skoolfonds en resolusies is bevestig en goedgekeur:
Skoolfonds van R17 900 per jaar per leerder. Dit word eenmalig vooruit gehef en is vooruitbetaalbaar.
U kan op drie maniere betaal:
R17 000 voor 28 Februarie 2020, OF R4 475 binne die eerste 14 dae van elke kwartaal, OF R1 790 per maand oor 10 maande met die laaste paaiement vóór 30 November 2020.
Alle nié-betalers tot en met die 31 Maart 2020-rekonsiliasie word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Alle rekeninge wat vir 60 dae en langer dormant en onbetaald is, word outomaties vir invordering aan ons prokureurs oorhandig.
Let wel- spesiale betaalreëlings mag slegs deur beheerliggaam (skriftelik) goedgekeur word.

Koshuislosies vir 2020

13 Februarie 2020

Die volgende koshuislosies en resolusies is vir 2020 bevestig en goedgekeur:
Losies: R30 100 per jaar per kind - vooruitbetaalbaar op drie maniere:
Eenmalig vir die jaar voor die einde van die eerste kwartaal, naamlik 31 Maart 2020; OF
R7 525 per kwartaal binne die eerste twee weke van elke kwartaal; OF
R3 010 per maand oor 10 maande, voor die 25ste van elke maand, met die laaste betaling vóór 30 November 2020.
Oorhandiging aan prokureurs van 'n kwartaal agterstallige rekening en uitsetting van sodanige kosganger uit die koshuis vanaf die daaropvolgende kwartaal. Die ouer bly aanspreeklik vir agterstallige losies, al is die leerder in so 'n geval uit die koshuis uit.

Skool, koshuise, bus, rekening nommers

13 Februarie 2020

Skoolfonds: (Navrae: Mev P van der Westhuijzen)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland, NEDBANK Malmesbury,takkode 154605, rekeningnommer 103 982 7438
Koshuislosies vir dogters: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Zyl, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 1311
Koshuislosies vir seuns: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Huis van Imhoff, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 983 0463
Busvervoer na en van Riebeek: (Navrae: Mev D de Klerk)
Rekeningnaam: Hoërskool Swartland busdiens, NEDBANK Malmesbury, takkode 154605, rekeningnommer 103 982 9058
By die verwysing moet u asb u kind se leerdernommer (skoolfonds) OF naam en van volledig intik.

School Communicator Mobile App

13 Februarie 2020

Besoek hierdie skakel op u selfoon en laai die skool se Communicator af. Blackberry, iPhone en Android toestelle.
http://school-communicator.com/download.php

Indien u liewer verkies om elke Vrydag 'n harde kopie van die nuusbrief op papier te ontvang, kan u kind hierdie nuusbrief elke Vrydag by mev De Klerk se kantoor gaan afhaal. Slegs 'n beperkte aantal harde kopieë word gemaak.

KALENDER vir 13 Februarie 2020 - 20 Februarie 2020

13th Februarie 2020
Krieket O/19B tuis
vs Hugenote

13th Februarie 2020
Krieket O/15B weg
vs Hugenote

13th Februarie 2020
Swem Aflosgala Bloemhof

13th Februarie 2020
Bemarking sport, kultuur vergader 18:00

14th Februarie 2020
Privaatskole atletiek ons veld

14th Februarie 2020
Detensie 14:00

15th Februarie 2020
Krieket O/15A weg
vs Hugenote

15th Februarie 2020
Krieket O/19A tuis
vs Hugenote

17th Februarie 2020
Personalia vergader 18:00

17th Februarie 2020
Skooltoelatings 2021 open

17th Februarie 2020
Gholf vs HS Hopefield

17th Februarie 2020
Skooltoelatings vir 2021 open

18th Februarie 2020
Formele toetse

19th Februarie 2020
Formele toetse

20th Februarie 2020
Tennis na Bredasdorp

20th Februarie 2020
Swem Frank Myburgh Twilight gala

20th Februarie 2020
Vaste Bates vergader 18:00

20th Februarie 2020
Formele toetse

HULPBRONNE bygevoeg in die afgelope 7 dae

Februarie 07 Nuusbrief

http://downloads.d6communicator.com//downloads/resources/245_resource_5e3be4b8af11e936102305.pdf

Wil jy die nuus kry soos dit gebeur? Kliek hier om die lessenaar kommunikeerder af te laai.